higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

MEDIESE PRAKTYK N4
(Tweede Vraestel)

31 MEI 2019

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 5 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 1.1.1 Pogings om vir werklike of verbeelde fisiese of psigologiese tekortkominge te kompenseer

1.1.2 Verdedigingsmeganisme wat lei tot die vervulling van wense, bevrediging van verdronge impulse en die oplossing van onbewuste konflikte

1.1.3 Onbewuste meganisme wat ontstellende of bedreigende gedagtes uit die bewuste hou

1.1.4 Wanneer 'n impuls (bv. aggressie) op 'n magtelose plaasvervanger gerig word

1.1.5 Terugwaartse beweging in psigologiese tyd wanneer spanning ervaar word

1.1.6 Soortgelyk aan verplasing, maar behels die bevrediging van 'n impuls met 'n plaasvervangende teiken op 'n sosiaal aanvaarbare manier, soos die kanalisering van aggressie in sport

1.1.7 Bewustheid van die teenswoordige

1.1.8 Bestaan uit inligting wat onder die oppervlak skuil wat toeganklik is sodra aandag daaraan geskenk word

1.1.9 Bestaan uit primitiewe, instinktiewe inligting wat ontoeganklik is

1.1.10 Gedrag waarvolgens 'n indiwidu ander se gedrag waarneem en kopieer

(10 × 2) (20)

1.2 1.2.1 Waar
1.2.2 Onwaar
1.2.3 Onwaar
1.2.4 Waar
1.2.5 Onwaar
1.2.6 Onwaar
1.2.7 Onwaar
1.2.8 Waar
1.2.9 Waar
1.2.10 Onwaar

(10 × 2) (20)
[40]

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

VRAAG 2

2.1
- Fisiologies:✓ suurstof, voedsel, water, seks, slaap✓
- Veiligheid:✓ omgewingsekerheid, indiensneming, hulpbronne, gesondheid, eiendom✓
- Liefde/Aanhorigheid:✓ liefde, vriendskap, intimiteit, familie✓
- Respek:✓ vertroue, selfrespek, prestasie, respek✓ (4 × 2) (8)

2.2
- Doeltreffende persepsie van realiteit en verdra van onsekerheid
- Aanvaarding van jouself en ander soos wat hulle is
- Spontaneïteit in gedagte en optrede
- Objektiewe lewensbeskouing
- Ongewone sin vir humor
- Probleemgesentreerde denke – nie-selfgesentreerde denke nie
- Kreatiwiteit
- Weerstand teen enkulturasie, maar nie doelbewus onkonvensioneel nie
- Begaan oor die welsyn van ander
- Empatie en deernis met ander
- Diepgaande waardering van basiese lewenservarings
- Vestiging van bevredigende interpersoonlike verhoudings met enkele mense
- Top ervarings
- Behoefte aan privaatheid
- Demokratiese ingesteldheid
- Sterk morele/etiese standaarde (Enige 7 × 1) (7)

2.3
- Bereik selfaktualisering
- Wend jou vermoëns ten volle aan, maar bly gedagtig aan jou beperkinge
- Bereik jou volle potensiaal
- Ontwikkel as mens en vervul eie groter behoeftes
- Ken jou ware self
- Strewe na 'n goeie, vol, gelukkige, betekenisvolle lewe nadat aan basiese behoeftes voldoen is
- Beter psigologiese gesondheid (Enige toepaslike 5 × 1) (5)

[20]

VRAAG 3

3.1
- Mag van die gewoonte
- Lewensdoelwitte
- Strewes
- Gesindhede
- Belangstellings (Enige toepaslike 4 × 1) (4)

3.2
- Konsentrasiekampe
- Oorlog
- Oorlewingsinsidente
- Noue ontkomings aan die dood/Doodservarings (4)

3.3
- Nadering-naderingkonflik✓
  Voorbeeld: Om tussen twee aanloklike werksaanbiedinge te moet kies✓
- Vermyding-vermydingkonflik✓
  Voorbeeld: Besluit om 'n werk waarvan jy nie hou nie te doen of om werkloos te wees✓
- Nadering-vermydingkonflik✓
  Voorbeeld: Aanbod van 'n werk met 'n goeie salaris, maar die werk is gevaarlik✓ (Enige 3 × 2) (6)

3.4 Frustrasie is 'n onbevredigende gevoel wat spruit uit die onvermoë om 'n doel te bereik. Frustrasie kan deur interne of eksterne faktore veroorsaak word. Frustrasie kan 'n motiveerder wees of dit kan tot negatiwiteit, soos aggressie, lei. Frustrasie kan tot konflik aanleiding gee wanneer die oorsaak van die frustrasie ekstern is. Konflik is 'n meningsverskil oor 'n toestand waartydens die individu moeilik tussen twee of meer belange kan besluit. Interne of emosionele konflik in die indiwidu kan tot frustrasie lei.

(Enige toepaslike 3 + 3) (6)
[20]

VRAAG 4

4.1
- Ken jouself en wees jouself.
- Probeer om ander te verstaan.
- Wees altyd positief en tree waardig op.
- Wees geïnteresseerd in mense en maak vriende.
- Wees spaarsamig met kritiek.
- Wees eerlik met opregte waardering en aanmoediging.
- Skep 'n vertrouensverhouding.
- Lei mense – moet hulle nie dryf nie.
- Wees altyd bereid om te dien.
- Behandel ander soos jy wil hê hulle jou moet behandel. (Enige 8 × 1) (8)

4.2 Fisiologiese en psigologiese dryfkragte oorvleuel. Honger en dors is fisiologiese dryfkragte wat ons motiveer om te eet en drink, daarom koop ons kos. Iemand wat in die winkel kos koop word nie net deur fisiologiese aandrywers gemotiveer nie, maar ook deur psigologiese aandrywers – hy/sy mag dalk kos koop om geliefdes te voed,✓✓ kies dalk een handelsmerk bo 'n ander as gevolg van emosies wat deur advertensies opgewek word,✓✓ of deur die koel handelsmerk✓✓ te kies wat met 'n gelukkige jeug geassosieer word.✓✓ Sodra kos gekoop is, mag sommige mense dalk meer eet as wat nodig is om hul fisiologiese behoeftes te bevredig, of om vir 'n psigologiese behoefte te kompenseer, soos met 'n emosionele etery.✓✓

(Enige toepaslike 4 × 2) (8)

4.3
- Voldoende vergoeding
- Werkbevrediging
- Voel gewaardeerd
- Goeie werktoestande/werkomgewing
- Positiewe verhoudings met kollegas
- Vooruitsigte vir beroepsontwikkeling
- Kombinasie van biologiese, psigologiese, sosiale en onbewuste dryfkragte wat verskeie behoeftes bevredig (Enige 4 × 1) (4)

[20]

VRAAG 5

5.1
- Affiliasie/Aanhorigheid/Kuddegevoel
- Prestasie/Verbetering van die self
- Mag/Beheer/Invloed
- Verkryging
- Aggressie
- Nuuskierigheid/Begrip (Enige 4 × 1) (4)

5.2 **Staties**✓
- Eenvoudige refleksrespons
- Gebeur outomaties (Enige EEN)

Dinamies✓
- Komplekse aangeleerde respons
- Bewuste pogings deur die aanwending van geheue of prosesse om balans te herstel (Enige EEN)

(2 × 2) (4)

5.3 Sommige teoretici glo dat gedrag hoofsaaklik deur onbewuste dryfkragte✓ gestimuleer word, 'n gevolg van begeertes,✓ impulse✓ en geheues✓ wat in die onbewuste✓ verdring✓ word, maar steeds optrede beïnvloed.✓ Onbewuste motivering is motivering waarvan ons nie bewus is nie.✓ 'n Freudiaanse wanprestasie is 'n manifestering✓ van die onbewuste wat ware gevoelens en gedagtes weerspieël.✓ (Enige 7 × 1) (7)

5.4
- Mediese personeel hanteer mense wat dikwels as gevolg van siekte reeds kwetsbaar is – om te voel dat daar vir hulle omgegee word help pasiënte om beter te voel
- Goedhartigheid sal personeel help om die probleme wat 'n pasiënt ervaar beter te verstaan
- 'n Sorgsame persoon is meer geneig om te luister en dit lei tot minder misverstande of die verlies aan belangrike inligting
- Ons gesindhede beïnvloed die mense om ons
- 'n Persoon wat omgee sal waarskynlik 'n beter diens verskaf
- Pasiënte wat versorg voel sal meer geneig wees om sorg te vra wanneer dit weer nodig is (Enige 5 × 1) (5)

[20]

TOTAAL AFDELING B: 60
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou